

# M E E S T E R V A K M A N



Kai Schmidt het die afgelope 10 jaar nie afgewyk van sy meesterplan nie en dit is om juweliersware wat meesterstukke in die klein is, vir die individu te vervaardig.

Sowat tien jaar gelede het Kai Schmidt, 'n boorling van Namibië, 'n naweek gebruik om die geboue in sy agterplaas om te skep in 'n kantoor. Hier het hy vir vyf en 'n half jaar gewerk en die Telkom-lyn verleng oor die huis se agterste grasperk sodat hy kon besigheid doen.

En toe begin dit vlamvat.

Hy't 'n goudsmid in diens geneem en die besigheid het na sy huidige posisie in Parktown, Johannesburg, geskuif.

Kai Schmidt, 'n top-goudsmid, het nou 'n reputasie opgebou as 'n skepper van juweliersware deur gebruik te maak van eeue oue vaardighede, presisie, kunstigheid en laastens veral aandag aan detail. Hy't sy talent te danke aan sy pa, wat self 'n meester-goudsmid was. Hy was ietwat eksentriek, maar welbelese met 'n vurige belangstelling in die kunste. Kai se pa het hom gelei in die leer van sy vak – soveel so dat hy vandag een van net 'n handjievul vakmanne en setters is wat juweliersware van begin tot einde klaarmaak.

Nie net is die stukke wat hy skep verteenwoordigend van die 21ste eeu nie; dit spreek ook van 'n tydloosheid in 'n era



van kitsoplossings. Kai is veral daarvoor bekend dat die juweliersmaatskappy wat sy naam dra, heeltemal kliënt-gefokus is. En natuurlik ook gehalte-gedrewe.

“Ons unieke aanbod tot die mark is dat al ons stukke heeltemal met die hand gemaak is. Dit gaan oor gehalte. Omdat die koop van juweliersware so 'n emosionele proses is, is dit vir ons nodig dat die voltooiende stukke heeltemal perfek moet wees,” sê Alison, Kai se vrou.

Hulle het ook vroeg reeds 'n besluit geneem om niks deur buite-kontrakteurs te laat hanteer nie – al die vaardighede wat hulle nodig het om hul tydlose stukke te skep, is onder een dak.

“Kliënte is ook meer gemaklik daarmee as hulle weet dat ons alles van begin tot einde hier doen,” meen Alison. Sommige van hul kliënte sit soms dae lank by hulle in die kantoor om te sien hoe hul juweliersware gemaak word.

Die besigheid, wat gegroei het tot 11 mense sluit nou vyf goudsmede, 'n setter, poleerder, verkoops- en administratiewe werkers in.

Wat besigheid betref, het Kai Schmidt doelbewus gekeer daarteen om te vinnig te groei. “As mens te vinnig groei,” sê Alison, “is die resultaat dat verskeie dinge nie aandag kry nie.” Dit kan gevaarlik wees in 'n besigheid soos dié van Kai Schmidt – hier kraai gehalte koning.

Drie jaar gelede het hulle ook 'n winkel op die prentjiemooie Franschoek opgemaak. Dis geleë tussen 'n Persiese tapyte-winkel en 'n koffiewinkel op Hugeneteweg.

Kai is 'n goeie luisteraar – een konsultasie met hom en hy weet presies wat jy wil hê. Sy kreatiwiteit, egter, is nie net beperk tot juwele nie. Hy geniet dit om kindermeubels te verf en om skeeps- en renmotormodelle te bou.

Alison se lewe het haar geneem van welsynswerk (wat sy sê soms erg moeilik was) tot bestuurder van nie minder nie as 22 analiste in die IT-industrie. “Die korporatiewe omgewing was beslis nie vir my nie,” sê sy. Sedert sy in 1999 haar by die besigheid aangesluit het, het sy begin floreer. Vandag is sy verantwoordelik vir die algemene bestuur daarvan en is sy, soos Kai, 'n A-tipe persoonlikheid wat alles eksie-perfeksie wil hê.

Hierdie is beslis 'n span met 'n wenresep. 🌟



## ABC VAN JUWELIERSWARE

- Juwele word nog altyd gedra vir die magiese en spirituele energie daarvan.
- Die oudste vorme van juweliersware is, vreemd genoeg, hier in Afrika gevind (o.a. kraletjies wat by Blombos-grot gevind is).
- Die maak van juweliersware met die hand het sowat 5 000 jaar gelede begin.
- Die Industriële Revolusie het veroorsaak dat juwele op 'n massa-basis vervaardig kon word.
- Goudsmewerk is 'n kundigheid wat van generasie tot generasie oorgedra is en jare neem om te bemeester.